

Naamloos



Youth mag

Okt tot Nov 2014

Uitgawe 5

NG Gemeente Rietfontein-Suid

Deur Christus-Liefde gee ons vir almal om

King of all Kings





Die jaar is op sy laaste draai en dit was omtrent 'n jaar propvol wonderlike oomblikke. Kan regtig nie glo die jaar het so gevlieg nie, dis ongelooflik. In die ken mekaar artikel was een van die vrae, wat sal my droom werk wees en ek het gesê, dit waarmee ek op die oomblik besig is en dit is om met jongmense te werk en moet regtig vir julle dankie sê, want julle is 'n wonderlike groep mense en het so baie by julle al geleer en sien uit na volgende jaar. Ons het so pas klaargemaak met ons 50 dae reeks en wat 'n wonderlike reis, die Here het regtig mense se lewens kom verander deur Hoop te bring in 'n stukkende wêreld. Daarom het ons die verhale van hoop ingesit, om te wys hoe die Here mense se gebede verhoor het en ook vir mense hoop gebring het in hulle hoop lose omstandighede.

Hierdie is die laaste uitgawe van Naamloos vir die jaar en wil daarom ook baie sterkte sê vir die Matrieks met die eksamen wat om die draai is, mag julle die seën van die Here ervaar nie net met die eksamen nie maar ook rondom julle beroep of swat keuses vir volgende jaar. Geniet elke oomblik van skool wat oor is, julle gaan dit mis. Sterkte ook aan al die ander wat ook eksamen skryf. Dankie, vir 'n wonderlike jaar en geniet die vakansie! Die wat moet werk, sterkte vir julle ook. Geniet die Naamloos!

Groete Stanwin Street

Oktober 2014

Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
			1	2	3 Skole Sluit	4
5 Aanddiens 📖 18:00	6	7	8	9	10	11
12 Jeuggroepe (Gr.8-12) 17:15 Aanddiens 📖 18:00	13 Skole Open	14	15 Solum & J- Café 18:30	16	17 Social (laaste een vir die jaar)	18
19 Jeuggroepe (Gr.8-12) 17:15 Aanddiens 📖 18:00 Nagmaal	20	21	22 Solum & J- Café 18:30	23	24	25
26 Jeugkuier 17:15 🎵 Youthbash 🎵 18:00-19:30	27	28 18:30 Netwerkkursus (Deel 1) 18:30-21:00 Belydenisgroep 2014	29 Solum & J- Café 18:30.	30	31	

“Mense kan hoop hê vir die toekoms as hulle die moontlikhede van môre ernstig opneem en hulle nie laat vasbind aan die slegte rekord van gister nie” Moltmann

November 2014

Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
30 Kerssangdiens 📖 18:00						1
2 Jeuggroep (Gr.8-12) 17:15 Aanddiens 📖 18:00	3	4 18:30 Netwerkkursus (Deel 2)	5 Solum & J- Café 18:30.	6	7	8
9 Jeuggroep (Gr.8-12) 17:15 Aanddiens 📖 18:00	10	11 18:30 Netwerkkursus (Deel 3)	12 Solum 18:30.	13	14	15
16 Jeugkuier 17:15 🎵 Youthbash 🎵 18:00-19:30	17	18	19 Solum 18:30.	20	21	22
23 Jeuggroep (Gr.8-12) 17:15 Aanddiens 📖 18:00	24	25	26 Solum 18:30.	27	28	29



"Moenie aan jou hoop vashou nie, maar hou vas aan Christus, die Bron van ons hoop" – Charles H. Spurgeon

Sondag Selgroepe



Graad 8 – seuns & dogters

Carel 079 436 6826




Graad 9 – seuns & dogters

Channelle 072 575 8904



Graad 10 – seuns & dogters

Stanwin 079 525 5695



Graad 11 – seuns & dogters

Petro 072 048 9856

“Hoop beteken ons sien die wêreld met al sy pyn en onreg nugter raak,
maar ons is ook op die uitkyk vir tekens van hoop wat ons orals sien”

Week Selgroepe



Solum is die Latynse woord vir fondasie. Daarom vertrou ons by Solum dat dit wat ons doen en bespreek, dat die Here dit as fondasie sal gebruik waarop Hy verder kan bou. So as jy tussen die ouderdom van **18 en 35** is wil ons jou uitnoodi om ons te join, **Woensdagaande 18:30** by die kerk. Vir meer inligting kontak

Petro 072 048 9856



Ons almal het 'n plek nodig waar ons voel ons 'belong' en waar ons saam kan gesels oor die lewe en waar die Here jou wil gebruik. Daarom wil ons jou uitnoodi na J-Café. **Woensdagaande 18:30** in die Katakombe! Almal van **Gr.8-12** is welkom. Vir meer inligting kontak

Stanwin 079 525 5695



Ons benodig mense wat musikaal
is, so as jy 'n instrument kan
speel of weet van iemand.

Skakel vir Johann Dednam

Tel: 083 261 7040

Vreugde is by uitstek 'n Christelike woord en 'n
Christelike saak. Die bron van vreugde lê diep in
Jou binneste. En daardie bron droog nooit op nie.

Slegs Jesus gee daardie vreugde – Samuel D. Gordon.



Spreekure

Woensdae 17:15 – 18:30 in die Katakombe.

- Vir enige vrae.
- Probleme.
- Gebed.
- Of om net lekker te gesels.

Enige een is welkom!

Stanwin 079 525 5695 (24/7)

Email: StanwinS@gmail.com

Bemoediging...

As jy behoefte het aan bemoediging of gebed is jy ook welkom om vir
Petro Jonker of Channelle Daffue te kontak en 'n afspraak met hulle te
maak. Hulle is daar vir jou so maak gebruik van die geleentheid. Jy is
belangrik vir ons.



Sending Sonder Grense / Mission Without Borders

Elke eerste Sondag van die maand samel ons geld in vir Valeriu. Hy is 10 jaar oud en bly in Moldova. Hy is serebraal gestremd. Valeriu se grootste droom is om normaal te wees soos al sy vriende. Hy het net 'n ma wat na hom omsien, so die kans vir behandeling of 'n operasie is maar skraal, daarom wil ons graag help om 'n verskil in sy lewe te maak. As die Here dit op jou hart lê, bring 'n geldjie saam.

Jeugkuiers

Ons het elke laaste Sondag van die maand


'n Jeugkuiers waartydens daar dan nie

kategese is nie, maar waar al die jeug dan

saam in die saal bymekaar kom en lekker

saam as n groot groep kuier, met koeldrank,

chips en lekkers.



Waar jy betrokke kan raak...

Dien met jou gawe/s en raak deel van die jeugtaakspan. As jy op enige manier betrokke wil raak soos bv. met naamloos, socials, uitreike, om mense te bemoedig of enige ander iets wat jy in gedagte het. Maak 'n afspraak met Stanwin dan gesels julle oor jou idee wat jy het. As jy nog nie weet wat jou gawe/s is nie kan jy die Netwerkkursus bywoon, sien kalender vir datums.



Duda mobile

- Saampraat papiere.
- Cool links.
- Twitter.
- Stuur 'n email vir die leiers.
- Gee ook vir ons wenke oor hoe ons die Jeug kan verbeter.



Share ook met jou vriende!



Gaan  Like ons
op Facebook.



**NG Gemeente Rietfontein-
Suid Jeug**



Youthbash

Wanneer: Elke laaste Sondag van die maand

Tyd: 18:00 – 19:30 **Almal is Welkom!**

A Lesson on Life



There was a man who had four sons. He wanted his sons to learn not to judge things too quickly. So he sent them each on a quest, in turn, to go and look at a pear tree that was a great distance away. The first son went in the winter, the second in the spring, the third in summer, and the youngest son in the fall. When they had all gone and come back, he called them together to describe what they had seen. The first son said that the tree was ugly, bent, and twisted. The second son said no it was covered with green buds and full of promise. The third son disagreed; he said it was laden with blossoms that smelled so sweet and looked so beautiful, it was the most graceful thing he had ever seen. The last son disagreed with all of them; he said it was ripe and drooping with fruit, full of life and fulfilment.

The man then explained to his sons that they were all right, because they had each seen but only one season in the tree's life. He told them that you cannot judge a tree, or a person, by only one season, and that the essence of who they are and the pleasure, joy, and love that come from that life can only be measured at the end, when all the seasons are up. If you give up when it's winter, you will miss the promise of your spring, the beauty of your summer, fulfilment of your fall.

Moral:

Don't let the pain of one season destroy the joy of all the rest.

Don't judge life by one difficult season. Persevere through the difficult patches and better times are sure to come some time or later.



'n Gebed vir die eksamentyd

O bron van alle ware wysheid en kennis,

Gee aan my in hierdie tyd u vrede –

Die vrede van God wat alle verstand
te bowe gaan; Versterk my en skenk

aan my kalmte onder die druk; Wees
nou in my hart sodat ek rustig en

bedoord kan wees terwyl ek verantwoording doen; Wees in my

oë sodat ek met onderskeiding sal kan lees en verstaan; Wees in my



hande om hulle sterk te maak en ferm vir die oordra van my
verworwe kennis; Wees in my gedagtes, sodat ek hulle kan orden en

sal kan weergee wat ek geleer het. Dankie vir almal wat in liefde aan
my dink en vir my bid. Wees in hierdie tyd vir my elke dag die weg,

die waarheid en die lewe, deur Jesus Christus, my verlosser en
saligmaker. Amen.



Solly Oorvrech



MATRIX!

VOLGENDE JAAR?



JAAR VAN JOU LEWE!

SLUIT AAN VIR DIE
VERHEERLIK GOD!
VERANDER LEWENS!

021 887 0212
DJC@VCSV.CO.ZA
DJC.VCSV.CO.ZA

VCSV
UCSA

Diensjaar



EEN LIEFDE. EEN HART. EEN DOEL - FIL2:2

Social 17 Okt.

Braai

18:00 tot 22:00

Bring eie vleis!

Daar sal koeldrank, broodjies en
snacks wees.

Almal is welkom!!!



HOPE BOKS PROJEK

R20 / R25 per
Boks

Kontak:

Petro Jonker
072 048 9856
Ilze de Klerk
082 403 7972



‘Bible Trivia’



Toets jou Bybel kennis. Kyk of jy die volgende vrae kan reg kry:

1. Hoeveel jaar het Moses in die wildernis gebly?
2. Wie het vir Jesus veraai?
3. In Genesis word daar vertel van die skinker en die bakker se drome en Josef lê dit dan vir hulle uit. Watter een van die 2 is weer aangestel in die Forao se paleis?

SMS of Whatsapp jou antwoorde na **079 525 5695**, die eerste 3 wat al die vrae reg het, sal 'n prys wen. Wenner sal die 19de Okt aangekondig word! Onthou om jou Naam en Van by te sit.

Skinder hoekie...

— Leer ken die leiers.



1. Wie is jy en wat doen jy vir 'n lewe?

Ek is Stanwin Street, 4de jaar Teologiese student by Tukkies.

2. Hoeveel jaar is jy al in die gemeente? Wat is jou betrokkenheid by die gemeente?

Ek is sowat 6 jaar nou in die gemeente. Ek is tans Jeugwerker en het ook die Gr.10 kategeese groep. Is ook betrokke by J-Cafe op Woensdae.

3. Wat doen jy vir fun? (Stokperdjies)

Lees, kuier saam met vriende of hou daarvan om sport te kyk

4. Gunsteling movies?

My gunsteling is Westerns, maar hou ook van action, drama, comedy en Christelike flieks. Top 3 sal ek sê is: Open Range, Gone in 60 seconds en God's not Dead.

5. Gunsteling Band?

Ek luister na verskeie musiek, maar my Gunsteling band is – Jesus Culture en Johnny Cash

6. Wat is jou gunsteling kleur/e?

Rooi

7. Van watse dier hou jy?

Leeu

8. As jy enige plek in die wêreld kon besoek, waar sou dit wees?

Jerusalem

9. As jy 'n miljoen rand kry of wen, wat sal jy daarmee doen?

Ek sal 'n sentrum vir mense op straat begin, waar hulle kan bly en dan verskillende skills leer om hulle eie ding te begin. Met die res sal ek toer.

10. Is jy 'n oggend of 'n aand mens?

Ek is eintlik al twee, kan laat gaan slaap en vroeg opstaan.

11. Wat sal jou droomwerk wees?

My droom werk is wat ek tans doen en dit is om met jongmense te werk.

12. Wat verkies jy, die platteland of die stad?

Platteland.

13. Gunsteling kos?

Pizza en Crumbed pork chops

14. Gunsteling quote?

"Life is like a roller coaster you have Up's and Downs and a few bends and before you know it, it is Over! So you have only 1 chance in life to set it right, you can not reset and go back. So make your life count!



Humor...



Gebedsmuur...



Daar is so baie Christene regoor die wêreld wat daaglik vervolg in die oë staan, tog volhard hul steeds in hul geloof. Danksy organisasies soos Open doors, wat ons bewus maak van hierdie lande en ook die situasies in hierdie lande, kan ons 'n verskil maak deur daaglik hierdie lande en die Christene daar aan die Here op te dra in gebed. Die lys bestaan uit 50 lande en dit is ingedeel van die lande met die meeste vervolgings na die lande met minder vervolgings. Vir meer inligting oor die 50 lande gaan kyk gerus op- www.opendoors.org.za

World Watch List 2014:

- 
- | | |
|------------------------------|-----------------------------|
| 1. North Korea | 26. Jordan |
| 2. Somalia | 27. Oman |
| 3. Syria | 28. India |
| 4. Iraq | 29. Sri Lanka |
| 5. Afghanistan | 30. Tunisia |
| 6. Saudi Arabia | 31. Bhutan |
| 7. Maldives | 32. Algeria |
| 8. Pakistan | 33. Mali |
| 9. Iran | 34. Palestinian Territories |
| 10. Yemen | 35. United Arab Emirates |
| 11. Sudan | 36. Mauritania |
| 12. Eritrea | 37. China |
| 13. Libya | 38. Kuwait |
| 14. Nigeria | 39. Kazakhstan |
| 15. Uzbekistan | 40. Malaysia |
| 16. Central African Republic | 41. Bahrain |
| 17. Ethiopia | 42. Comoros |
| 18. Viëtnam | 43. Kenya |
| 19. Qatar | 44. Morocco |
| 20. Turkmenistan | 45. Tajikistan |
| 21. Laos | 46. Djibouti |
| 22. Egypt | 47. Indonesia |
| 23. Myanmar | 48. Bangladesh |
| 24. Brunei | 49. Tanzania |
| 25. Colombia | 50. Niger |

Glo ons vandag nog in die krag van die gebed?

Of is dit net iets wat ons in die Bybel lees?



2 Konings 20:1-1

Die siekte en herstel van Hiskia

¹In dié tyd het Hiskia ernstig siek geword. Die profeet Jesaja seun van Amos het na hom toe gekom en gesê: "So sê die Here: Sê vir jou gesin wat jou laaste wense is, want jy gaan sterf, jy sal nie langer lewe nie."²Toe draai Hiskia sy gesig na die muur toe en hy bid tot die Here: ³"Ag, Here, neem tog in ag dat ek voor U in trou en met volle oorgawe geleef het en dat ek gedoen het wat reg is in u oë." Hiskia het bitterlik gehuil.⁴Jesaja was nog nie die binneplein van die stad oor nie toe die woord van die Here tot hom kom en sê: ⁵"Gaan terug en sê vir Hiskia, die leier van my volk: So sê die Here, die God van jou voorvader Dawid: Ek het jou gebed verhoor, Ek het jou trane gesien. Ek gaan jou gesond maak, en jy sal oormôre weer na die huis van die Here toe kan gaan."⁶Ek sal jou lewe met vyftien jaar verleng en jou en dié stad red uit die mag van die koning van Assirië. Ek sal dié stad beskerm, om my ontwil en om my dienaar Dawid se ontwil."⁷Jesaja het toe opdrag gegee dat hulle 'n vyekoek moet bring en op die sweer moet sit, en die koning het beter geword.⁸Toe vra Hiskia vir Jesaja: "Wat is die teken dat die Here my sal gesond maak en dat ek oormôre weer na die huis van die Here toe sal gaan?"⁹Jesaja het geantwoord: "Die Here gee jou die volgende teken dat Hy sal doen wat Hy gesê het: moet die skaduwee tien trappe vorentoe gaan of tien terugkom?"¹⁰Hiskia sê toe: "Dit is maklik vir die skaduwee om tien trappe vorentoe te skuif. Nee, laat dit tien trappe terugkom."¹¹Die profeet Jesaja het die Here aangeroep, en Hy het die skaduwee wat reeds teen die trap van Agas afgesak het, tien trappe laat terugskuif.

Vertrou ons nog op God in moeilike tye om 'n totale omkeer te maak of aanvaar ons maar wat daar vir ons gesê word deur mense, dat groot gebede word net in die Bybel se tyd verhoor en nie in ons tyd nie. Ons moet net na God toe kom met kleiner probleme.

1. Goeie mense word ook siek of gaan deur moeilike tye(vers 1)

In 2 Konings 18:1-8 word daar vertel hoe goeie man Koning Hiskia was. Daar word gesê dat hy:

- Gedoen het wat reg is in die oë van die Here
 - Vertrou het op die Here
 - Hy was ook gehoorsaam aan die Here se gebooe
 - Die Here was met hom gewees
 - Hy was ook baie voorspoedig gewees
- So ons sien dat selfs goeie mense siek word en deur moeilike tye gaan.

2. Draai na God toe in moeilike tye of tye van siekte (Vers 2)

Koning Hiskia draai eers na God toe toe hy die slegte nuus kry, hy gaan nie na iemand andersom 'n 2 de opinie te kry nie maar draai na God toe.

- So Hiskia vat sy probleme na die regte adres toe.
- Hiskia vertrou dat die Here van plan kan verander.

3. God antwoord wel gebede (vers 3-6)

Hiskia roep uit na die Here en stort sy hart uit voor Hom. God kom en antwoord Hiskia se gebede. God sê:

- Ek het jou gebede gehoor. (vers 5)
- Ek het jou trane gesien (vers 5)
- Ek sal 15 jaar by jou lewe voeg (vers 6)
- Ek sal die stad red uit die mag van die koning van die Assirië (vers 6) God het 'n hart vir mense wat siek is en deur 'n moeilike tyd gaan.

4. God gee genesing op verskillende maniere. (vers 7)

Genesing is nie beperk vir God nie. Daar is nie spesifieke patrone vir genesing in die Skrif nie.

5. God gee baie keer ook tekens as beloftes. (vers 8-11)



Dit was glad nie 'n snaakse ding in die Bybel se tyd. Ons sien dit met:

- Gideon
- Moses
- Elisa

God gee ons soms tekens om ons geloof te versterk.

Your prayers for someone may or may not change them, but it wil always change YOU! -Craig Groeschel

Ontspanning



Dwars

1. Die afkorting vir die Ou Testament
2. Die vrou van Abram en moeder van Isak
6. Broerskind van Abram wat saam met hom uit Haran getrek het
8. Abram kom oorspronklik uit? van die Galdeërs
10. Die seun van Adam en Eva wat 'n veeboer was?
11. Die vaartuig wat God vir Noag laat bou het?
12. Die eerste 3 letters van die plek, noord van Damaskus, tot waar Abram en sy manne die konings agtervolg het.
13. " Die Here het hulle toe van daar, verstrooi oor die hele aarde
15. Die naam van die vrou wat in Genesis 'mannin' genoem word (ou vertaling 1953) Genesis 2
17. Nadat Moses en Aaron by die farao was om hulle te laat trek, het hy die Israeliete beskuldig en vir hulle gesê: "Julle is...!" (Eksodus 5)

18. Die berg of bergreeks waarteen die ark tot stilstand gekom het?
20. Die seun van Noag uit wie Abram later gebore is (Genesis 11)
22. "Die eerste rivier is die Pison en dit loop rondom die hele.. (eerste 2 letters)
23. In Genesis 12 het Abram tent op geslaan tussen Bet-el aan die weste en aan die ooste?
24. Lameg se dogter by Silla. Sy was ook die suster van Tubal-Kain (Genesis 4)
25. Die seun van Adam en Eva uit wie Noag later gebore is (Genesis 5)
27. Die eerste twee letters van die persoon uit die nageslag van Set wat 969 jaar oud was toe hy gesterf het (Genesis 5)
30. God het aan hom die die opdrag gegee om die ark te bou
32. Die soort hout waarmee die ark gebou moes word
33. Die Pisonrivier in die tuin van Eden loop rondom die hele Gawila. Daar is goud, balsem en... (Genesis 2)

Af

1. Die soort plantmateriaal wat die duif in sy bek gehad het na die vloed
3. Die eerste drie letters van die oudste seun van Jakob
4. Dit wat Rut opgetel het in Boas se land
5. Dit wat Noag moes gebruik het om die ark waterdig te maak
7. Die naam van die rivier in die tuin van Eden wat oos van Assirië verbygeleef het
9. Een van die seuns van Noag
10. Die aartsvader met wie God 'n verbond gesluit het t.o.v. sy nageslag
14. Die seun van Adam en Eva wat 'n saaiboer was
16. ... en Silla, die twee vroue van Lameg, uit die geslag van Kain
19. Die eerste mens wat God geskape het
21. Die naam van die tuin waarin God Adam en Eva laat woon het
22. Seun van Noag, uit wie later Nimrod, 'n dapper jagter en eerste maghebber van die aarde, gebore is (Genesis 6)
29. As ons ... sal ons die ewige lewe beërwe
31. Abram het 'n altaar daar gebou, tussen Bet-El en ...
33. Nie die Nuwe Testament nie, maar die ... Testament
34. Afkorting vir Nuwe Testament

**Just going to church
doesn't make you a Christian any more
than standing in your garage makes you
a car. ~G. K. Chesterton**

Sudoku



7	2	3				1	5	9
6			3		2			8
8				1				2
	7		6	5	4		2	
		4	2		7	3		
	5		9	3	1		4	
5				7				3
4			1		3			6
9	3	2				7	1	4

		7	1	5		9		
		9	4	3				
5					2		1	3
		6	5		4		2	9
4	3			8			5	7
9	7		3		1	4		
7	6		2					5
				9	6	2		
		3		4	5	6		

1								9
	4		2	6	1		3	
	6			5			1	
		5	6		3	4		
8	1	4	7		5	3	9	6
		9		1		7		
			9	3	4			
4	8		5	7	2		6	3
3								5

3	2	1		5		9	4	7
7	8			1			6	5
		6	7		4	1		
5	4	9				7	8	6
			9		6			
1		5		6		4		2
	3		2		7		5	
2		7		4		8		3



50 Dae van Hoop wat groei en groei



Danksy die stortvloed van gemeente-bede en God se genade – verhoring daarvan is ek nie verbaas dat ek nou so goed voel dat my naam van die siekelys geskrap kan word. Die gebed van die geloof het groot krag. Dit was 'n riem onder die hart om soveel liefde uit die gemeente deelagtig te wees. Prys die Here! Baie dankie.

---000---

Zoey se verhaal van HOOP!!

Zoey. Die naam beteken LEWE!



Min het ons aan die begin van die swangerskap geweet, toe ons die naam gekies het, dat dit presies die Here se plan vir Zoey was: om te lewe!! Van die begin af was die swangerskap moeilik. Maar op 24 weke het ons bloedtoets teruggekom en dit was positief vir Down-sindroom. Daar is van hier af soveel negatiewe dinge oor haar uitgespreek deur die dokters, maar ons hoop was net op God. Die dokters was ook bekommerd omdat sy so klein was, veral haar kop. n Klein kop beteken egter n klein brein ... Die dokters het gesê haar brein het nie voldoende ontwikkel nie. Ons is gestuur vir n cordosintese, n prosedure wat n 1 uit 100 kans het om op n miskraam uit te loop. Maar die toets het gelukkig goed afgeloop. Dit was n stresvolle week vol onsekerheid waarin ons moes wag vir die uitslae van die toetse. Baie tranes en slapelose nagte, baie gebed en smeking vir ons ongebore baba. Maar toe gebeur die eerste wonderwerk. Die toetsuitslae het teruggekom as negatief vir Downsindroom of enige chromosoomafwykings. Rubella en ander viruses waaroor die dokter bekommerd was het haar ook nie aangetas nie. Ons was verheug en het alle eer aan God gegee. Ons het gedink hierdie moeilike tyd is agter ons. Maar daar het nog n lang woestynpad voorgelê. Die dokter wou n MRI-breinscan op Zoey doen om te kyk of haar brein ontwikkel. Die dokter het na die breinscan gese dat dit moontlik Lissencefali kan wees, n breinafwyking wat jou kind erg gestrem laat met min of geen vooruitsigte of lewenskwaliteit vir jou kind. Sy het twee keer aanbeveel dat ons die swangerskap termineer. Maar die Here het weereens vir ons n ander pad aangewys en ons is na n neuroloog. Hy het genadiglik gesê dat dit nie Lissencefali is nie maar dat dit vir hom lyk soos Microcefali, ook n breinafwyking wat jou kind gestrem laat met onophoudelike epileptiese aanvalle ens. Hy het gesê dat ons dit nog tyd moet gee en oor vier weke weer n MRI-breinscan moet doen. Op hierdie stadium het hy dit n 50/50% kans gegee. Sy laaste woorde aan ons was dat God geloof beloon en dat ons net moet glo en vertrou.

Die vier weke wat ons moes wag het soos n ewigheid gevoel en talle mense het vir haar begin bid. Al waaraan ons kon vashou was ons HOOP op en geloof in die Here. Ons moes net glo en vertrou al was dit party dae hoe moeilik. Toe ons teruggaan vir die tweede breinscan het God die tweede wonderwerk vir Zoey laat gebeur. Die breinscan het getoon dat haar brein in vyf weke se tyd agt weke se groei getoon het en haar brein was hierdie keer heeltemal normaal. Die dokter het gesê daar is geen mediese eksplanasie vir die vinnige ontwikkeling van die brein nie. Die dokter het ook gesê as hy nie self die eerste breinscan op haar gedoen het nie, sou hy dit moeilik kon glo dat die dieselfde baba se brein was wat in so kort tydjie so drasties gegroei het. Sy weeg nou op 31 weke 1,4kg en alles lyk normaal en goed ontwikkel. Ons kan die Here net loof en prys vir hierdie wonderwerk in ons lewe. Ons wil graag dankie se aan almal wat so vir ons en klein Zoey gebid het. Ons glo gebed het hierdie wonderwerk laat gebeur. Ek dink ons storie wil net weer bewys dat mens nooit hoop moet verloor in n hopelose situasie nie. Die Here het altyd die laaste se, maak nie saak wat medici, bloedtoetse of breinscans se nie. Bid asb vir ons vir n geseënde swangerskap verder, tot 30 Oktober wanneer Zoey gesond en normaal gebore word, as dit God se wil is.

---000---

Ek het geleer / begin besef dat ons hoop posvat wanneer ons die Here se beloftes in die Bybel en uit die mond van ander hoor, en dan aanvaar vir onself. Ek het ook gesien dat **Hoop amper sinoniem is met Vertroue in die Here Jesus. Dus, om draers van hoop te wees beteken dat ons die Here se beloftes aan ons boeties en sussies in die geloof en ook aan ongelowiges moet oordra sodat hulle ook op die Here kan Vertrou / sodat hulle Hoop ook kan groei.**

Ek het ook besef hoe 'n wonderlike seëning in Romeine 8:31-39 opgesluit is vir myself, maar ook vir my boeties en sussies wat in beproewing is: ek het vir 'n sussie wat siek was, 'n sms gestuur om te sê dat niks haar van die liefde van Jesus kan skei nie – nie siekte, dood, ongemak, seer, alleenheid, operasies of enige iets anders nie! en dat ons vir haar bid. Sy het terug geantwoord dat die besef haar baie bemoedig het (hoop gegee het)!

---000---

Die 50Dae het baie vir my beteken omdat ek op my manier nie net 'n mededeling aan die jonger geslag wou oordra nie, maar ook vir die ouers en grootouers. Ek wou aan hulle tuisbring dat ons nie maar net kan aanvaar dat kinders grootmenstaal verstaan nie. Nie elke kind is impulsief genoeg om te vra wanneer hulle nie verstaan nie. Ek het elke toneeltjie met groot ywer en geesdrif aangepak met die hulp van Sabine en Stefan wat my prentjies kon inkleur met hulle uitstekende vertolkings. Ek hoop van harte dat ons daardeur ook 'n draer van hoop vir iemand anders kon wees.

---000---

My Hoop-plantjie groei en groei! Daarom weet ek, dat aan die voete van Jesus, sal my Hoop nog groter groei, totdat ek eendag vir altyd by Jesus sal rus.....

---000---

-50 Dae Reis van Hoop

Dankie Here dat ek die reis van 50 Dae van Hoop saam met ander gelowiges kon meemaak om geestelik geweldig te kon groei. U is en bly die anker wat my elke dag die krag en leiding deur die Heilige Gees laat ondervind. Dat U my toelaat om bouer en draer van Hoop in hierdie stukkende wêreld te wees. Vir U ewige liefde en genade wat ek elke dag ondervind al is ek hoe hartseer en sondig. U troos en vergewe my elke keer as ek opreg om vergifnis vra. Danie dat ek die verkeerde dinge kon agterlaat en van nuuts af 'n lewe van Hoop saam met U kan begin. U het gesê: Ek is die Alfa en die Omega wie in my glo sal nie verlore gaan nie, maar die ewige lewe hê. Dankie dat ek daardie versekering het en altyd sal bewaar. Nou verstaan en aanvaar ek dat ek ook deur die lewensfases moet gaan volgens u plan. U leer my dat die stukkende wêreld onderworpe is aan verdeling. Dit is die effek van die sondeval, maar die belofte van Hoop as geskenk wat vir my in die hemel bewaar en groter word het my opnuut ten volle aan U oorgegee. Ek glo dat U dit so bestem het. Dankie dat ek ook in die Wedloop van Hoop is om die oorwinning oor die sonde deur Jesus Christus se genade meet e maak en dat ek die oorwinning/skat van die ewige lewe saam met die ander gelowiges met blydschap sal ontvang. Amen.

---000---

Hoop wat groei en groei en groei

Na my eerste operasie het dit baie goed gegaan. Ek het die beste gevoel wat ek in 3 jaar gevoel het, tot met my 6 weke ondersoek. Ek moes weer begin met bestraling. Die dokter het besluit op 4 sessies vir 4 weke. Ek het slegs die eerste 3 sessies gehad, want ek het baie siek geword. My bloeddruk het die hoogte in geskiet en ek is in die hospitaal opgeneem. Daar is vasgestel dat daar 'n gewas aan my nier is. Ek was op moederloor se vlakte. Ons het begin met die reeks, die dienste en dagstukkies en selbyeenkomste het my weer moed gegee. Ek het hoop gekry vir wat voorlê. Die diens oor Klaagliedere 3 het 'n groot impak op my lewe gehad. Ek het weer met 'n beroerte in die hospitaal beland en my linkerkant was aangetas. Ek het weer op dag 4 begin loop met 'n loopraam en toe sonder een. Die tyd in die hospitaal het ek weer al die dagstukkies deurgelees en soveel hoop gekry. Ek weet ons Vader sal my dra met die operasie en ek hou vas aan die Hoop wat ons Vader vir my gegee het.



KONTAKBESONDERHEDE

Leraars:

Ds. Leon van Heerden 083 660 1803/ leonvh1600@gmail.com

Ds. Leon Tait 082 601 4235/ taitgesin@gmail.com.

Pastorale hulpe:

Ds. Dirk van Zyl (Seniors) 084 028 8993/caddvanzyl@absamail.co.za

Stanwin Street (Hoërskool-jeug) 079 5255 695/stanwins@gmail.com

Koster:

Frans Viljoen 082 707 5128

Kerkkantoor:

012 331 3531

Jeanette de Beer (Kassier) jeanette99@telkomsa.net

Elna du Plessis Nel (Skriba) ngriet@telkomsa.net



GEBEDSLYN: 082 569 6590



GEMEENTE WEBWERF: www.rietfontein-suid.ng.org.za



Facebook: NG Gemeente Rietfontein-Suid



Facebook: NG Gemeente Rietfontein-Suid Jeug



Twitter: @ngrietsuid

